MCH91-71-6-7

# The NP's 8 important requirements for a New South Africa

**The National Party is irrevocably committed to the creation of a new, just South Africa.**

**You, as a voter, have the right to ask: What will the new South Africa look like?**

**The National Party believes that any new constitution should fullfil at least the following eight requirements:**

1. The political dispensation must incorporate **built-in guarantees** and **mechanisms** which will make domination by a majority and or a **one party state impossible.**
2. A **bill of human rights** should be entrenched in such a way that it cannot be abolished or arbitrarily changed.
3. Any Government should have a limited term of office and **elections must take place at regular intervals.** Abuses such as the creation of "presidents-for-life", corruption, etc. must be made impossible.
4. The political system will have to make provision for **leaders who uphold these values,** even if they are supported by a minority group, to **participate in the organs of government.**
5. The **free-market system and private initiative** must be retained in the new South Africa. The right to own property, including land, must be respected, and there should not be arbitrary expropriation, or expropriation without proper compensation. Any taxation system should be a just one.
6. The **reality of our national diversity** dare not be ignored. Those people, therefore, who prefer to live, worship, work and play in specific communities must be able to do so in the new South Africa, but without laws compelling them to do so.

   In particular it should be possible for those who wish to do so, to provide education of a distinctive character within a single system and on a basis of equal financial support by the state.
7. There must be an **independent judiciary** to pronounce judgement between individuals and also between citizens and the state.
8. The new South Africa's security forces must be properly managed and manned. **Professional and well-trained** defence and police forces which are **not subject to political pressure,** are the best guarantees for the maintenance of a safe environment in which all can live and work.

The National Party's commitment to these characteristics of a new South Africa have already been spelled out on numerous occasions by the NP's national leader, President FW de Klerk, and other party leaders.

**The National Party believes that any new constitution has to fulfill these minimum requirements. These characteristics, we believe, will make the new South Africa a safe, just and prosperous country for all its people.**

**Help us to build a new, just South Africa by supporting the National Party in word and deed.**

**The NP – Your guarantee for a safe, just and prosperous New South Africa**

Compiled and published by Renier Schoeman MP Chief Director of the Federal Information Service of the NP, M. Building, Cape Town, Tel. (021) 4615833 and printed by N.G. Sendingpers, 39 Blignaut Street, Bloemfontein

# Die NP se 8 belangrike vereistes vir 'n Nuwe Suid-Afrika

**Die Nasionale Party is onherroeplik verbind tot die skep van 'n nuwe regverdige Suid-Afrika.**

**U as kieser het die reg om te vra, hoe sal daardie Suid-Afrika lyk?**

**Die Nasionale Party glo dat enige nuwe grondwet ten minste aan die volgende agt vereistes sal moet voldoen:**

1. Die politieke bestel sal ingeboude **waarborge** en **meganismes** moet bevat wat oorheersing deur 'n meerderheid en of 'n **eenpartystaat onmoontlik maak.**
2. 'n **Handves van menseregte** moet so verskans wees dat dit nie afgeskaf of arbitrêr verander kan word nie.
3. Enige Regering moet net 'n beperkte leeftyd hê en **verkiesings moet dus gereeld plaasvind.** Misbruike soos lewenslange presidente, korrupsie, ens. moet onmoontlik gemaak word.
4. Die politieke sisteem moet daarvoor voorsiening maak dat **leiers wat hierdie waardes handhaaf,** al sou hulle deur 'n minderheidsgroep ondersteun word, in die regeringsorgane teenwoordig sal wees.
5. Die **Vryemarksisteem en private inisiatief** moet in die nuwe Suid-Afrika behoue bly. Eiendomsreg, ook van grond, moet eerbiedig word en daar moet nie arbitrêre onteiening of onteiening sonder behoorlike vergoeding moontlik wees nie. Enige belastingstelsel moet regverdig wees.
6. Die **werklikheid van verskeidenheid** durf nie misken word nie. Diegene wat dus in bepaalde gemeenskappe wil woon, wil aanbid, wil werk, wil speel moet dit in die nuwe Suid-Afrika kan doen maar sonder dat wette mense verplig om dit te doen.

   In besonder moet eiesoortige onderwys met gelyke staatsteun binne een stelsel bedryf kan word deur dié wat dit so wil doen.
7. Daar moet 'n **onafhanklike regbank** wees om reg te spreek tussen mens en mens en tussen burgers en die staat.
8. Die nuwe Suid-Afrika se veiligheidsmagte moet behoorlik bestuur en beman word. 'n **Professionele en goedopgeleide weermag en polisiemag** wat nie onderhewig is aan **politieke diensbaarheid** nie, is die beste waarborg vir die handhawing van 'n veilige omgewing vir almal om in te woon en werk.

Die Nasionale Party se verbintenis tot hierdie eienskappe van 'n nuwe Suid-Afrika is dikwels reeds deur die Hoofleier van die Nasionale Party, President FW de Klerk en ander leiers van die NP, uitgespel.

**Die Nasionale Party glo dat enige nuwe grondwet aan hierdie minimum vereistes sal moet voldoen. Hierdie eienskappe, glo ons, sal van die nuwe Suid-Afrika 'n veilige, regverdige en welvarende vaderland maak vir al sy mense.**

**Help BOU aan 'n nuwe regverdige Suid-Afrika deur die Nasionale Party te steun in woord en in daad.**

NP

NP

**Die NP – U waarborg vir 'n veilige, regverdige en voorspoedige Nuwe Suid-Afrika**

Opgestel deur Renier Schoeman LP Hoofdirekteur van die Federale Inligtingsdiens van die NP, Marksgebou, Kaapstad, Tel. (021) 4615833 en gedruk deur die N.G. Sendingpers, Blignautstraat 39, Bloemfontein

**VERSTAAN MY MOOI**

P J MARAIS

Die Nasionale Party het absolutely niks om weg te steek nie. Ons policy is open to inspection deur die hele international community en ons is prepared om na enige nuwe ideas te luister, maar soos enige party, het ons ook 'n bottom line. In ander woorde mense moet nou nie expect dat ons sommer die land op 'n tray aan kommuniste of mense wat dit wil destroy sal oorgee nie. Dis mos 'n stupid ou wat dit sal doen. En waar kry jy nou 'n stupid NAT?. Omdat die N.P. so open omtrent allès is, is dit important dat elke persoon jonk of oud, ryk of arm, ons policy verstaan. Hierdie skrywes gaan dus try om op 'n regular basis ingewikkelde sake in meer simple language te verduidelik of anders gestel - Ons Kaapse Afrikaans.

In die Nuwe Suid-Afrika gaan Afrikaans met al sy different variations nog altyd 'n official language bly. Ons is lief vir die taal, dit was die slawe se taal, ons voorouers se taal en nou ons almal se taal.

Hier volg nou die Nasionale Party se 8 punt plan wat as ons framework en guidelines gaan dien tydens negotiations vir 'n nuwe Constitution by die Veelparty Konferensie.

1. 'n Nuwe Constitution moet dit impossible maak vir die majority om sommer rough shot oor almal te hardloop en hulle ideas op almal af te force, of 'n One Party State in te stel.

<u>Comments</u>:

Dit is 'n baie important point, want oral in Africa word minorities vermoor, hul huise afgebrand, die army vat orals oor en mense sterf van die honger because of bad planning en economic policies. Daar is net een party en al die ander word geban.

2. 'n Bill of Rights moet accept word wat almal Wit, Bruin of Swart se regte guarantee. Once so 'n Bill of Rights accept was, moet geen party dit sommer alleen kan change sonder die ander se permission nie.

Comments:

'n Bill of Rights is deel van die Constitution. Dit guarantee jou reg om te praat, jou religion, a free press, education, property rights, taal, culture en protect jou against false arrest, police brutality ens. In ander woorde jy kan hof toe gaan met die government as hulle jou in any way oppress of teen jou discriminate.
Daarom is dit important dat dit nie sommer deur 'n nuwe government gechange kan word sonder die permission van alle partye of regions nie.

3. Die party wat die elections wen, moet net vir 4 of 5 jaar in die stoel sit. Daarna moet daar weer elections gehou word. Ons moet ook guard teen bribery en corruption especially jobs for pals.

Comments:

Ons moet nooit vergeet dat ons deel van Afrika is nie. Baie African States het net een election gehou. Daarna het hulle hulself Presidents for life declare. In ander woorde jy sit opgeskeep met daai President vir die res van jou lewe al is hy ook die domste, onnoselste en moordadigste. Ons kan dit waarlik nie afford om so 'n kans te vat nie. Daar moét regular elections wees elke 5 jaar.

4. Al het sekere leaders wat ook in hierdie principles glo miskien minder support as andere kan ons hulle nie sommer ignore nie. Daar moet dus provision

gemaak word vir sulke leaders om ook 'n seat in parlement of op die executive te kry.

Comments:

Suid-Afrika bestaan uit baie verskillende kultuurgroepe en partye van verskillende groottes. Elkeen het sy eie leaders en as ons hulle nie in parlement gaan betrek nie, soek ons net moeilikheid.

Dit is beter om joint decisions te maak as om alleen vir ander mense te wil besluit. Daarom glo ons in Deelnemende Demokrasie. In ander woorde soveel mense en partye en regions op different levels moet deel neem aan government decisions as wat prakties moontlik is. Compare dit nou met die ANC se policy wat sê die Winner moet alleen vir die res van ons decide.

5. Ons moet ook nie allow dat 'n nuwe government besighede wat in private hands is, onder government control plaas nie. Mense moet nog altyd allow word om jou eie besigheid te besit of te begin. Alle property including grond, moet ook nie sommer afgevat word of deur die government gekoop word sonder fair compensation nie. (Onthou julle nog wat die Community Development met ons properties gemaak het) en enige tax system moet fair wees.

Comments:

In Kommunistieselande mag jy niks own nie, alles behoort aan die State. Jy kan nie eers 'n barbershop of taxi of hawkers licence kry nie. Jy kan nie eers jou eie kar besit nie. Toe sommige lande in Afrika independence kry, het hulle baie Indiërs en Bruinmense uit die land gejaag en hulle besighede afgevat sonder compensation. Die ANC wil die banke en myne en plase nationalize. Watter guarantee het ons hulle

gaan nie ons supermarkets en winkels ook nationalize nie. Russia en East Germany is bankrot van nationalize. Die ANC gaan Suid-Afrika ook bankrot maak. Ons moet dit prevent.

6. Ons moet nie bang wees om op te own dat ons nie almal dieselfde is nie. Almal moet dus allow word om self te besluit waar hy wil woon, kerk gaan, werk of speel sonder dat hy deur wette geforce word om dit te doen. Daar moet ook net een onderwys system wees maar as enige commmunity hulle eie skole wil bou, moet hulle vry wees om dit te doen en dieselfde government financial support kry as ander skole.

Comments:

Alle mense in Suid-Afrika is equal en moet equal rights en opportunities het. Daarom moet daar net een educational system wees.
Maar ons is ook nie almal dieselfde nie. Daar is Engelsprekendes, Afrikaansprekendes, Christene, Muslims, rykes, armes, slimmes, dommes ens. Suppose enige groepe wil hul eie skole oprig en administreer, moet hulle toegelaat word om dit te doen solank dit op 'n non-racial basis is.

7. Die courts moet independent wees en verdicts teen die government ook kan gee as die government se actions unconstitutional is.

Comments:

Die Constitution is die main protection wat ons gaan het. While die Constitution in force is en die courts independent is, sal enige government ons nie kan verdruk of ons regte afvat nie. Die government moet nie 'n judge kan sack nie en die judges se appointment moet ook nie political appointments wees

nie.

8. Die Nuwe Suid-Afrika se security forces moet properly gemanage en die regte mense daarin aangestel word. 'n Professional, well trained army en police force, wat nie aan enige specific political party loyal is nie, is die beste guarantee vir 'n veilige toekoms in jou werk of by jou huis.

Comments:

'n Professional army mean jy word nie opgeroep teen jou sin nie. 'n Mens join die army as a career. So 'n army is experts, en niemand hoef sy job op te gee omdat die army hom opgeroep het nie. Jy apply out of your own free will.

Kom aan ANC! Try om ons proposals te beat.

Peter Moans 14/10/